So glo ons nou

21 getuienisse vir die 21ste eeu

So glo ons nou

21 getuienisse vir die 21ste eeu

CLF Uitgewers
Oude Pontstraat 19
Privaatsak X19
Wellington Besigheidspark
Wellington 7654
www.clf.co.za

Eindredakteur van Publikasie: Dr Frits Gaum

Vooraf

Hierdie is nie ‘n belydenisskrif nie. Dis ook nie ‘n amptelike kerklike dokument nie. Dis wel ‘n nadenke oor ons geloof; dit wil ons help dat ons in ons tyd – die 21ste eeu – bly glo. Dit nooi uit vir gesprek, vra vir baie gebed. Dis nie finale getuienisse nie, kan nie wees nie, maar dit het oor meer as twintig jaar in mense se harte gegroei sodat hulle met vrymoedigheid kan getuig: So glo ons nou.

Eerste getuienis: God

Ons glo in God

- dat God die groot Misterie is
- dat die Bybel God aan ons bekend maak as Vader, Seun en Heilige Gees
- dat ons God se teenwoordigheid in die skepping kan raaksien, en God in die Bybel persoonlik kan leer ken
- dat God die Vader die Skepper is wat in die oerbegin “iets” uit “niks” te voorskyn laat kom het en steeds by die skepping betrokke is
- dat daar ‘n breuk tussen mens en God gekom het
- dat God die Vader die Seun gestuur het om as die ware mens Jesus deur sy kruis en opstanding die brug tussen God en mens te word, en ons met God en mekaar te versoen
- dat God die Heilige Gees so naby aan ons is as ons eie asem, en aan ons geloof skenk
- dat Jesus uiteindelik weer sal kom om alles heel en nuut te maak.

Tweede getuienis: Die Bybel

Ons glo dat ons deur die Bybel leer wie God is

- dat God vandag nog deur die Bybel met ons praat
- dat die Heilige Gees die Bybelskrywers geïnspireer het, maar nie daardeur die menslike eienskappe van die Bybelboeke weggeneem het nie
- dat die Heilige Gees gelowiges vandag nog lei om die Bybel in en vir hulle eie tyd nuut te verstaan
- dat die Bybel die blye boodskap van God se liefde vir mense is
- dat die Bybel ook vertel van die veroordeling van die kwaad

- dat verskillende dele van die Bybel verskillend aangebied word – as vertellings oor die voorgeskiedenis, profesieë, wysheid, gedigte, reisbeskrywings, verhale, briewe. Daarom moet elke deel van die Bybel volgens die besondere aard daarvan en in die lig van die geheel verstaan en verklaar word. Voordat ons die lyne na vandag toe deurtrek, moet ons probeer agterkom hoe die eerste lesers van die betrokke dele van die Bybel dit in hulle destydse leefwêreld sou verstaan het

Derde getuienis: Die koninkryk

Ons glo dat die koninkryk van God dáár is waar God se wil geskied, waar wat stukkend is, weer heelgemaak word en waar God verheerlik word

- dat die koninkryk van God reeds in hierdie wêreld teenwoordig is, maar eers volledig aanbreek as Christus weer kom
- dat gelowiges geroep word om op elke terrein van die lewe na God se wil te soek en tekens van God se koninkryk op te rig: van die erediens tot by die werkplek, ontspanningsoord, gesinskring, politieke arena en in al ons verhoudinge.

Vierde getuienis: Die kerk

Ons glo dat die kerk alle mense is vir wie God liefhet en alle mense wat vir God liefhet

- Dat God self deur die Heilige Gees die kerk versamel, uitbou en bewaar
- dat die georganiseerde kerk te vind is in gemeentes, kerk-vergaderings en Christelike byeenkomste, maar ook, spontaan en informeel, oral in die daaglikse lewe

- dat Jesus Christus die Hoof van die kerk, sy liggaam, is
- dat die kerk die roeping het om die Here te aanbid, na die Woord van die Here te luister, dit te verkondig en die sakramente (doop en nagmaal) te bedien,
- dat die kerk ‘n gasvrye gemeenskap is wat mekaar en ander mense oor alle grense liefhet en dien
- dat die kerk geroep is om deur woord en daad in die wêreld te getuig
- dat die kerk foute maak en dit moet erken en bely
- dat die kerk alle vorme van onreg moet bestry
- dat die kerk afgedwaaldes moet terugroep na die Here toe
- dat kerkmense bereid moet wees om van mekaar te leer en sodoende in die geloof te groei

- dat die kerk nie eenvormigheid en eenstemmigheid oor alles moet probeer afdwing nie
- dat die kerk hard moet werk om groter kerklike eenheid te laat gebeur
- dat kerke oor grense heen moet saamwerk.

Vyfde getuienis: Doop en nagmaal

Ons glo dat die doop en nagmaal twee tekens is wat ons geloof sterker maak, en as waarborge ons van God se liefde verseker

- dat die doop met water 'n teken is dat Jesus Christus ons sonde deur sy bloed van ons afwas, net soos ons onsself met water skoonmaak
- dat die doop ons verseker dat die beloftes wat God deur die eeue aan gelowiges gemaak het, ook vir ons geld. God het belowe om vir ons God te wees en dat ons God se kinders kan wees. Die Here het belowe om enduit deur die Heilige Gees met ons te wees, in ons te woon en ons op die regte pad te lei
- dat die brood en wyn wat ons met nagmaal eet en drink, ons laat onthou en bevestig dat Jesus se liggaam vir ons gebreek is en sy bloed vir ons gevloei het
- dat die lewende Here ons gasheer by die nagmaal is en ons in gemeenskap met God en mekaar saambind
- dat ons in die nagmaal gelowig vorentoe kyk na die dag wanneer ons almal saam in God se nuwe wêreld sal feesvier
- dat, hoewel Christene soms onder mekaar oor aspekte van die doop en nagmaal verskil, dit ons nie van mekaar moet vervreem nie. Ons geloof in Jesus Christus bind ons aan mekaar en dit is baie sterker as die verskille tussen ons.

Sesde getuienis: Gebed

Ons glo dat ons altyd en oor alles met God kan praat

- dat ons op verskillende maniere kan bid, deur woorde en liedere, maar dat ons ook sonder woorde in die gebed van stilte die nabyheid van God kan beleef
- dat God ons hoor en dat Christus, deur die Heilige Gees, saam met ons en namens ons bid
- dat gebed ‘n gesprek is waar ons met God praat en God ook met ons praat
- dat God op God se tyd en manier op ons gebed antwoord
- dat ons saam met Jesus bly bid: Laat nie my wil nie, maar u wil geskied
- dat gebed ons help om verder as onsself te kyk, nood raak te sien en iets daaraan te doen
- dat gebed, soos alle kommunikasie, verhouding skep en in stand hou
- dat die saambid van gelowiges groot krag het

Sewende getuienis: Die owerheid

Ons glo dat die hoogste gesag aan God behoort. Alle regeerders en vorms van regering is aan die Here ondergeskik en moet uiteindelik aan God verantwoording doen

- dat God vrede, geregtigheid en orde op aarde wil hê. Daarom het God beskik dat mense gesag dra om vrede te bewaar en geregtigheid te laat geskied
- dat mense wat gesag dra, dit verantwoordelik moet hanteer tot voordeel van al die burgers van ‘n dorp of stad of provinsie of land, en dit nie in self-diens mag misbruik nie
- dat ons vir almal wat gesag dra, moet bid
- dat die kerk teenoor mense en instellings wat gesag uitoefen, met vrymoedigheid moet getuig oor hoe die kerk God se wil in bepaalde omstandighede verstaan, en met hulle moet saamwerk om die samelewing vir almal ‘n beter plek te maak
- dat, waar ‘n owerheid nie sy roeping nakom nie, waar onreg, korrupsie en chaos oorneem en onbillik teen burgers gediskrimineer word, geweldlose verset en opstand teen so ‘n owerheid geregverdig is
- dat die staat ter verdediging van sy wettige grondgebied en beskerming van sy burgers, as allerlaaste uitweg oorlog kan verklaar teen ‘n vyandige moondheid

- dat ons gehoorsaam moet wees aan die wette en maatreëls van diegene wat gesag oor ons het. Maar as daar in ‘n uiterste geval gekies moet word, ons eerder aan God gehoorsaam moet wees as aan die owerheid.

Agste getuienis: Die mens

Ons glo dat God alles gemaak het, en die mens na God se beeld

- dat daar, as gevolg van die mens se opstand teen God, ‘n breuk tussen God en mens ontstaan het
- dat Jesus – God wat ware mens geword het – die pad na God weer vir mense oopgemaak en God se beeld in ons herstel het
- dat alle mense gelyke waarde het, ongeag hulle menslike stukkendheid en onderlinge verskille
- dat ons onsself eers regtig ken as ons God ken
- dat die mens net volle mens kan wees binne verhoudinge met ander mense
- dat mense mekaar, soos Jesus Christus, behoort te respekteer, te waardeer en te ondersteun
- dat Jesus Christus aan mense se lewe sin gee

Negende getuienis: Die medemens

Ons glo dat ons God bo alles moet liefhê en ander soos onsself

- dat ons alle ander mense moet sien as gemaak na die beeld van God
- dat ons aktief moet stry teen alle vorme van onreg en die benadeling van ander
- dat ons, soos Jesus, sal omgee vir, uitreik na en hulp verleen aan dié wat uitgestoot of op enige manier benadeel word deur die samelewing
- dat een groep mense hulle nie op grond van ras, klas, kultuur, volk of watter gedeelde eienskappe ook al, beter as 'n ander groep kan beskou nie.

Tiende getuienis: Die omgewing

Ons glo dat ons op die planeet aarde, as deel van God se skepping, aangewese is soos 'n kind op sy of haar moeder

- dat ons uit respek vir God se skepping en vir dié wat saam met ons hier is en ook hulle wat ná ons kom, die aarde en die lugruim moet oppas, bewaar en verantwoordelik ontwikkel

- dat ons die aarde moet liefhê soos ons onsself liefhet en dit graag met ons medemens deel

Elfde getuienis: Die wetenskap/tegnologie

Ons glo dat God aan die mens die opdrag en vermoë gegee het om die skepping te ontgin en tot voordeel van mens, dier en natuur te ontwikkel

- dat geloof en wetenskap nie teenoor mekaar staan nie
- dat ons deur die Bybel leer dát God geskep het en deur die wetenskap hóé dit gebeur het
- dat dit dwaasheid van die wetenskap is om God te ontken omdat God dan nie "bewys" kan word nie, en so ook verkeerd van gelowiges om die wetenskap uit beginsel te wantrou
- dat ons ook deur die wetenskap leer hoe groot God se skepping is
- dat ons die wetenskap en tegnologie net moet ontwikkel en gebruik tot beswil van alle mense en die bewaring van God se skepping
- Dat ons daarteen moet waak dat die tegnologie nie bydra tot die ontmensliking en vervreemding van mense nie.

Twaalfde getuienis: Die lewe

Ons glo dat lewe 'n gawe van God is wat ons met dankbaarheid en vreugde kan geniet

- dat ons alle lewe behoort te respekteer, in die besonder ook menslike lewe, omdat God groot waarde heg aan die lewe van mense
- dat ons ons eie en ander mense se lewe behoort te beskerm en te bevorder
- dat selfdood 'n gekompliseerde daad is wat nie enkelvoudig beoordeel kan word nie en dat dit nie "die onvergeeflike sonde" is nie
- dat ook voorgeboortelike menslike lewe op beskerming geregtig is. Ons behoort daarom 'n sterk voorbehoud teen aborsie te hê, maar daar is uitsonderlike gevalle waar dit geregverdig kan word
- dat die verwekking van lewe 'n voorreg is wat terselfdertyd 'n groot verantwoordelikheid vir beide ouers inhou
- dat daar uiterste gevalle is waar genadedood of bystandsdood met al die betrokkenes se toestemming en onder streng voorwaardes geregverdig kan word

- dat onder alle omstandighede streng regulasies moet geld by die gebruik van genetiese tegnologieë op mense sodat dit net aangewend word vir doeleindes wat onmiskenbaar voordelig is
- dat, alhoewel die bevrediging van basiese behoeftes ‘n belangrike bydrae tot lewenskwaliteit lewer, ‘n kwaliteit-lewe by uitstek ‘n lewe van vrede met God, ons medemens, onsself en die natuur is
- dat die lewe saam met God verder strek as die grense van die lewe op aarde

Dertiende getuienis: Lyding en dood

Ons glo dat lyding en dood nou eenmaal deel is van ons gebroke aardse lewe

- dat God ook by lyding en in die dood saam met ons is
- dat die Bybel nie kant en klaar antwoorde gee op die vraag hoekom daar lyding en dood is nie, maar ons wel vertel dat God ons van angs en bitterheid kan verlos
- dat God ons roep om soos Christus by die lyding van ons medemense betrokke te wees

- dat God mense wat weens siekte ly, gesond kan maak – met of sonder mediese middels
- dat daar ‘n tyd kom dat ‘n mens wat terminaal siek is, toegelaat moet word om, sonder die toediening van middels om die lewe kunsmatig te verleng, op ‘n natuurlike wyse dood te gaan
- dat daar uiterste gevalle is waar genadedood of bystandsdood, met al die betrokkenes se toestemming en onder streng voorwaardes, geregverdig kan word
- dat gelowiges, wanneer hulle sterf, by God is
- dat Jesus Christus waarlik uit die dood uit opgestaan het.

Veertiende getuienis: Armoede, rykdom en arbeid

Ons glo dat God wil hê dat alle mense menswaardig sal lewe

- dat alles wat ons het, aan God behoort en aan ons sorg en bestuur toevertrou is
- dat bevoorregte mense ‘n baie groot verantwoordelikheid het om die nood van agtergestelde mense raak te sien, hulle nood te help verlig en tot ‘n menswaardige bestaan vir hulle by te dra

- dat agtergestelde mense kan weet dat God op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat hulle daarom hoopvol kan lewe te midde van hopelose omstandighede
- dat onregverdige samelewingstrukture afgebreek en vervang behoort te word deur ander wat mense se lewensituasies verbeter
- dat die ontsaglike armoede en grootskaalse ongelykheid in ons samelewing ons moet dring tot ‘n meer beskeie lewenswyse, ‘n lewe van omgee en gewilligheid om, waar nodig, ons besittings te deel en op te offer
- dat ons meer aandag behoort te gee aan die bemagtiging van agtergestelde mense deur die skep van onderrig- en werkgeleenthede wat hulle in staat stel om self ‘n bydrae tot die verbetering van hulle lewensituasie te lewer
- dat ons ons behoort te beywer vir ‘n regverdige mens- en omgewingsvriendelike ekonomie
- dat ons ons werk so goed as wat ons kan, behoort te doen – tot eer van God
- dat werkers billik behandel en betaal behoort te word

Vyftiende getuienis: Huwelik/trouverbintenis

Ons glo dat lewensmaats mekaar met liefde moet aanvul, bystaan en verryk

- dat lewensmaats in God se oë gelykwaardig is en mekaar ook so behoort te behandel
- dat lewensmaats mekaar in ‘n gesindheid van wedersydse respek die ruimte moet gun om hulle eie persoonlikheid uit te leef en dinge op hulle eie, unieke manier te doen
- dat kinders ‘n geskenk van God is, maar dat dit nie ouers se eie verantwoordelikheid ten opsigte van die grootte, vorming en opbou van hulle gesin uitsluit nie
- dat gelowige lewensmaats nie behoort te skei nie. Aan God se vergifnis en genade hoef gelowiges wat in ‘n egskeiding betrokke raak, egter nie te twyfel nie
- dat God alle lewensverbintenisse wil seën, ook dié van kinderlose egpare, soos ook alle gesinne, insluitende enkelouergesinne en hoe die gesin ook al saamgestel is
- dat, alhoewel die huwelik/trouverbintenis die voorkeurposisie vir gelowiges is, diegene wat om goeie redes verkies om ‘n vaste lewensverbintenis sonder formele huweliksluiting aan te gaan, nie sonder meer veroordeel moet word nie, mits hulle verbintenis

gekenmerk word deur dieselfde liefde, respek en trou wat van ‘n egpaar verwag word
- dat ontrouheid in lewensverbintenisse en promiskuïteit altyd verkeerd is
- dat mense wat óf uit eie keuse óf vanweë omstandighede nie trou nie, tot voordeel van kerk en samelewing ‘n ryk en sinvolle lewe kan lei.

Sestiende getuienis: Seksualiteit

Ons glo dat God seksualiteit, en daarmee saam seksuele oriëntasie, as ‘n onlosmaaklike en verrykende deel van mens-wees aan ons geskenk het

- dat ons seksualiteit binne die ruimte van vaste lewensverbintenisse tot volle ontplooiing kom as twee mense hulle volledig aan mekaar gee en hulle eenheid liggaamlik en geestelik beleef
- dat alle gelowiges, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in die liefde van God en op grond van hulle geloof volwaardig deel van die kring van gelowiges is en geregtig is op al die voorregte wat lidmaatskap van die kerk lidmate bied
- dat geen mens ‘n ander seksueel mag uitbuit of misbruik of vanweë sy of haar seksuele oriëntasie minag nie.

Sewentiende getuienis: Die Christendom en ander godsdienste

Ons glo dat Jesus Christus die pad na God oopmaak en ons wil dit vir almal vertel

- dat mense wat ander godsdienste aanhang, ook na die beeld van God gemaak is
- dat ons die menswaardigheid van mense wat aan ander godsdienste behoort, ten volle moet erken
- dat die lot van mense wat nie vir Christus ken nie, in God se hande is
- dat ons graag met mense van ander godsdienste in die daaglikse lewe wil saamwerk
- dat ons met mekaar in respekvolle gesprek wil tree en van mekaar wil leer
- dat ons woorde en dade mense wat aan ander godsdienste behoort, iets van die liefde van Jesus moet laat sien.

Agtiende getuienis: Die toekoms

Ons glo dat die toekoms aan God behoort

- dat God se beloftes nog op ‘n meer verrassende wyse vervul sal word as wat ons kan droom
- dat Jesus Christus op ‘n dag in die geskiedenis weer sal kom
- dat alles dan splinternuut sal word
- dat dit ook ‘n dag van afrekening met die kwaad sal wees
- dat verskille onder Christene oor wat in die toekoms sal gebeur, nie ons gemeenskaplike geloof in die komende Here in die gedrang moet bring nie
- dat ons deur woord en daad, wyd en syd moet vertel dat Jesus weer kom sodat al hoe meer mense hierdie vooruitsig met ons kan deel.

Negentiende getuienis: Vrede en versoening

Ons glo dat vrede ‘n geskenk van Christus die Vredevors is wat sigbaar word as mense dit met mekaar deel

- dat vrede beteken dat, ook waar onreg gepleeg is, mense bereid sal wees om hulle met mekaar te versoen deur vergifnis te vra vir onreg wat hulle gepleeg het, die onreg te probeer herstel, en diegene wat vir hulle veronreg het, te vergewe
- dat geweld nie egte vrede bring nie
- dat ware vrede nie ten koste van regverdigheid en die waarheid gedien word nie

- dat God se vrede ons in staat stel om mekaar te versorg en heel te maak.

Twintigste getuienis: Geloof en hoop

Ons glo dat, soos God die gawe van die geloof deur al die eeue aan mense gegee het, so sal dit ook in die dae en jare en eeue wat voorlê, gebeur. Niks sal die geloof in die Here van hemel en aarde laat verdwyn nie

- dat God end-uit, tot by en verby die nuwe Begin, woord sal hou
- dat die Heilige Gees saam met geloof, en as deel daarvan, aan ons hoop gee
- dat, teen alle onsekerheid en twyfel en swaarmoedigheid in, die Here ons telkens met hoop en verwagting vorentoe laat kyk – waar dit lig word

Een en twintigste getuienis: Die liefde

Ons glo dat God liefde is

- dat Jesus Christus die bewys van God se liefde vir ons is
- dat die bewys van ons liefde vir God ons daaglikse dade van liefde is
- dat liefde die een gawe van God aan ons is wat vir altyd bly
- dat God se liefde uiteindelik die wêreld sal oorwin.

Ontwikkel 1999-2021, met inagneming van 'n geloofsverklaring deur lidmate van verskeie kerke.

Eindredakteur: ***Frits Gaum***